Noveen tot St. Josef

10 tot 18 Maart

Eerste Uitgawe, Maart 2021

© DIE ORATORIUM UITGEWERY™
'n Afdeling van die Kongregasie van die Oratorium van
St. Filip Neri in Oudtshoorn, 'n Geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie:
Registrasie nommer 93/0000/036

Posbus 407, Oudtshoorn, 6620
Tel: (044) 203 9600 | Faks: (044) 272 0822

Publikasies van DIE ORATORIUM UITGEWERY™ verwoord die geloof, leerstellings en die lewe van die Katolieke Kerk. Dit is onder andere gebaseer op die Heilige Skrif, die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Universele Kategismus van die Katolieke Kerk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat– of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring en –ontsluiting.

Uitleg, tipografie en setwerk: DIE ORATORIUM UITGEWERY™

NOVEEN TOT ST. JOSEF

10 TOT 18 MAART

Dag I	St. Josef, Pleegvader van Jesus	Bl. 5
Dag II	St. Josef, Eggenoot van Maria	Bl. 7
Dag III	St. Josef, deur God die Vader uitverkies	Bl. 9
Dag IV	St. Josef, Getroue Dienaar van God	Bl. 11
Dag V	St. Josef, Beskermer van die Universele Kerk	Bl. 13
Dag VI	St. Josef, Beskermer van Families	Bl. 15
Dag VII	St. Josef, Beskermer van Werkers	Bl. 18
Dag VIII	St. Josef, Vriend van die Lydendes	Bl. 20
Dag IX	St. Josef, Beskermer van 'n Gelukkige Dood	Bl. 22

ST. JOSEF
PLEEGVADER VAN JESUS

Heilige Josef, u was bevoorreg om as die pleegvader van Jesus in die geheimenis van sy Menswording te deel. Op heel direkte wyse het u 'n bydrae gelewer tot die onderhoud, opvoeding en beskerming van die Heilige Familie. God het u 'n hart gegee vol bo-natuurlike liefde, dieper en sterker as dié van enige natuurlike vader.

Hoe wonderlik en verhewe was die roeping wat aan u gegee is - om die eggenoot van Maria en pleegvader van Jesus te wees. In u huis in Nasaret en onder u sorg het Jesus, die Redder van die wêreld Homself voorberei op sy openbare bediening.

Josef, ek vereer u en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig

van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
EGGENOOT VAN MARIA

Sint Josef, ek vereer u as die man van Maria. In die Heilige Skrif lees ons: '*...en Jakob het Josef verwek, die man van Maria, uit wie Jesus, wat bekend staan as Christus, gebore is*' (Matt. 1:16). U huwelik was die weg wat God gekies het om Jesus aan die wêreld bekend te maak en God het Maria en Jesus aan u sorg toevertrou.

U was haar getroue metgesel, steunpilaar en vertrooster. U liefde vir Maria was gegrond op u agting vir haar as die Moeder van God. Heilige Josef, ek loof God vir die voorreg wat Hy aan u gegee het om die eggenoot van Maria te wees. Verkry vir my die genadegawe om Jesus met my hele hart lief te hê, en om Maria met dieselfde teerheid en getrouheid te bemin waarmee u haar liefgehad het.

Heilige Sint Josef, u is die getroue beskermer en voorbidder vir almal wat u vereer en liefhet. Wees my leidsman en rolmodel deur my lewe sodat ek mag sterf soos u in die arms van Jesus en Maria gesterf het. Tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
DEUR GOD DIE VADER UITVERKIES

Sint Josef, u is spesiaal deur God die Vader uitverkies om sy verteenwoordiger op aarde te wees en Hy het u met al die genadegawes geseën wat u sou nodig hê om die Seun van God groot te maak. As persoon was u 'n uitstekende voorbeeld van integriteit en regverdigheid; iemand wat gehoorsaam aan God was ten spyte van die erge vernedering wat u moes verduur; iemand wat altyd die regte ding op die regte manier voor God gedoen het.

Ons gee aan u die eer vir die manier waarop u God se roepstem in gehoorsaamheid, integriteit en met godvresenheid beantwoord het. Sonder om God ooit te bevraagteken het u Hom vertrou, hoewel u nooit al die besonderhede geken het van dit wat Hy u gevra het nie. In geloof het u volhard, getroos deur die wete dat God u verder sou lei.

Glorieryke Sint Josef, eggenoot van die Onbevlekte Maagd, verkry vir my 'n suiwer, nederige en liefdevolle ingesteldheid, asook volmaakte aanvaarding van God se Wil. Wees my leidsman en rolmodel deur my lewe sodat ek mag sterf soos u in die arms van Jesus en Maria gesterf het.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
GETROUE DIENAAR VAN GOD

Sint Josef, u was die getroue en regverdige dienaar van God, wat altyd God se Wil vir u geglo het, daaraan gehoorsaam was en dit uitgevoer het. U edele geboorte en afkoms, die genadegawes en talente, alles wat God in sy vrygewigheid aan u geskenk het, dit het u gebruik om God beter te dien. Al u gedagtes, woorde en dade het u gebruik om eer te betoon aan die liefde en glorie van die Vleesgeworde Woord. U posisie in die Heilige Familie het u verplig om 'n goeie voorbeeld te wees, maar u was nie net die pleegvader van Jesus nie, u was ook sy dissipel. U volmaakte toewyding het van u so 'n goeie dienaar gemaak. Getrou aan u verpligtinge was u bereid om alles op onbaatsugtige wyse met blydskap op te offer. Dit het van u hele lewe 'n vrygewige gawe van onselfsugtige toewyding gemaak soos u alles ingesit het om sonder enige vergoeding of lof vir God te werk. Ek dank God vir die voorreg wat u geniet het om sy getroue dienaar te wees.

Heilige Sint Josef, verkry vir my die genadegawes om net so getroue dienaar soos u te kan wees. Help my om soos u, in die volmaakte gehoorsaamheid van Jesus te deel, Hy wat gekom het, nie om sy eie wil nie, maar die Wil van sy Vader te doen.

Tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.



ST. JOSEF
BESKERMER VAN DIE UNIVERSELE KERK

O Glorieryke Sint Josef, u is deur God uitverkies om die pleegvader van Jesus te wees en die allerreinste eggenoot van Maria, Altydmaagd, en die hoof van die Heilige Familie. Christus se plekhouer op aarde het u gekies as die hemelse Patroonheilige en Beskermer van die Kerk wat deur Christus gestig is.

Behoed ons heilige vader, pous Franciskus, en alle biskoppe en priesters wat met hom verenig is. Wees ook die bewaker van almal wat, ten spyte van alle moeilikhede, daarvoor werk om God se Koninkryk uit te brei en gee, deur Jesus Christus se verdienste, verlossing aan almal wat in God glo. Dierbare Sint Josef, wees my beskermer en leidsman op my weg na die ewige lewe. Verkry vir my reinheid van hart en liefde vir die geestelike lewe. Mag ek u voorbeeld volg sodat al my dade in diens mag wees van God se groter glorie. En bid dat ek uiteindelik mag deel in die vrede en vreugde van u heilige sterwe.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
BESKERMER VAN FAMILIES

Sint Josef, ek dank God daarvoor dat u aanvaar het om hoof van die Heilige Familie te wees, waar u die familielewe deur u voorbeeld geheilig het. U was hulle beskermer, raadgewer en vertrooster in elke nood. Al die ervaringe wat so eie is aan die familielewe en die gewyde herinneringe aan kosbare lewensoomblikke, die lyding en vreugde saam met Jesus en Maria, het u diep in u hart gekoester. Deur u liefdevolle vaderskap en onfeilbare voorbidding is u die beskermer en voorbidder van families, en verdien u 'n plek in elke woning. Maak ons tuistes heiligdomme van gebed, van liefde, van geduldige opoffering en van werk.

O Allerheilige Josef, neem my familie onder u vaderlike sorg en beskerming en behoed hulle teen alles wat ons probeer seermaak. Mag ons as familie ons altyd tot u wend as ons inspirasie, raadgewer en leidsman. Ek vra dat u van God dit sal verkry dat my familielewe altyd volgens God se Heilige Wil sal geskied. Ek bid ook vir alle families waar u bystand benodig word. Grote Sint Josef, verkry vir ons die genadegawe van getrouheid, sodat ons getrou ons pligte teenoor God in goeie sowel as in moeilike tye sal nakom, en dat ons op ons hoede sal wees en alle moontlike sondige situasie sal vermy en heilige lewens sal lei om uiteindelik hierdie wêreld in volle aanvaarding van God se Wil te verlaat. Wend u barmhartige oë op families wat moes toesien hoe alles van hulle weggeneem word, en verkry vir hulle die waardigheid van 'n werk en die vreedsaamheid van 'n tuiste.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, , tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.



ST. JOSEF
BESKERMER VAN WERKERS

Sint Josef, beskermer van alle werkende mense, ek dank u vir die kans om God se koninkryk deur ons handewerk op te bou. Help my om my werk pligsgetrou te verrig en om alles in 'n gees van dankbaarheid en vreugde te doen, deeglik bewus van al die gawes wat ek van God ontvang het. Laat my in vrede, geduld en matigheid my werk doen.

Gedurende u aardse lewe het u met ywer en in nederigheid gewerk om u vaardighede aan Jesus oor te dra, Hy wat aan u sorg toevertrou is. Ek vra u om vir my die genadegawe te verkry om die waardigheid van arbeid te respekteer. Leer my om, net soos u, vir God en met God in 'n gees van nederigheid en gebed te werk. Ek bid ook tot u vir diegene wat hul werk verloor het en as gevolg van die Corona-virus pandemie nou sukkel om werk te kry en hul families te versorg. Ons vereer u as beskermheilige van werkers en vra u om namens ons God om 'n beter en regverdige wêreld te smeek. Laat almal wat bereidwillig is om te werk die kans gegun word om hulself en hul families finansieël te ondersteun.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, , tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
VRIEND VAN DIE LYDENDES

Sint Josef, u het u deel gehad aan die ellende wat alle mense ervaar. U was vriendelik en vol medelye teenoor die behoeftiges en mense in nood het in u 'n getroue vriend gevind wat sy bes gedoen het om hulle situasie te begryp.

Omdat u eie lewe so inniglik verbonde was met dié van Jesus en Maria glo ek dat selfs nou u voorspraak saam met hulle s'n werklik kragtig is. Verkry vir my die genadegawe om my eie lyding geduldig te verdra en laat ek my pyn en lyding met u eie en dié van Maria en Jesus verenig. Sien met goedhartigheid hulle raak wat nou in ellende verkeer en verlig hul pyn. Laat die bejaardes nie hul lewens in eensaamheid slyt nie en laat niemand verlate en ontmoedig agtergelaat word nie. Vertroos hulle wat die swakste is, bemoedig hulle wat alle hoop verloor het en tree in vir die armes. Smeek die Here, saam met die Maagdelike Moeder, om die wêreld van alle vorme van pandemie te verlos.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, , tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.

ST. JOSEF
BESKERMER VAN 'N GELUKKIGE DOOD

Sint Josef, ek roep u aan as die "Beskermer van 'n Gelukkige Dood" om my by te staan soos ek myself voorberei op die uur van my dood. Ek glo dat u 'n gelukkige en heilige dood gesterf het omdat Jesus en Maria aan u sy was en u dood die heiligheid van u lewe weerspieël het. Ek bid op u voorspraak om gespaar te bly van 'n skielike en onverwagse dood. Sint Josef, ek dank God vir die voorreg wat u geniet om in die arms van Jesus en Maria te sterf. Laat ek ook my dood aanneem in 'n gees van rustige aanvaarding van God se Heilige Wil, en sterf, net soos u, in die arms van Jesus en Maria. Ek beroep my, Heilige Josef, saam met al my dierbares en almal wat aan my behoort, op u kragtige voorspraak. Ek smeek u, gedagtig aan u liefde vir Jesus en Maria, om my nie in hierdie lewe in die steek te laat nie en om my in die uur van my dood by te staan.

Jesus, Maria en Josef, ek gee u my hart en siel.
Jesus, Maria en Josef, staan my by in my doodsangs.
Jesus, Maria en Josef, laat ek my siel
in vrede saam met u uitasem. Amen.

Liefdevolle Sint Josef, getroue volgeling van Jesus Christus, , tot u verhef ek my hart en smeek u om u kragtige voorspraak: Verkry vir my van die Goddelike Hart van Jesus al die genadegawes wat ek benodig vir my geestelike en liggaamlike welsyn, veral die genade van 'n gelukkige dood en die besonderse gawe waarvoor ek nou vra: (rig nou die versoek ... ...)

Bewaker van die Vleesgeworde Woord, ek is vol vertroue dat u gebede om my ontwil goedgunstiglik voor God se troon verhoor sal word. Amen.

DIE '*JAAR VAN ST. JOSEF*' GEBED

Tot u, o salige Josef, kom ons met ons ellende, en soos ons alreeds die bystand van u allerheilige Vrou ingeroep het, vra ons nou vol vertroue ook u om beskerming.

Op grond van u liefdesband met die Onbevlekte Maagdelike Moeder van God en die vaderlike liefde waarmee u die Kind Jesus versorg het, smeek ons u guns af en vra ons u om in die lig van dit wat Jesus Christus deur sy Bloed vir ons verkry het, ook u krag en sterkte aan ons te verleen om ons behoeftes voor God te bring.

O waaksame bewaarder van die Heilige Familie, beskerm die uitverkore kinders van Jesus Christus; o liefdevolle vader, behoed ons teen alle dwaling en slegte invloed; o magtige beskermer, wees ons hemelse vriend en staan ons by in ons stryd teen die bose magte.

Net soos u destyds die Kind Jesus uit doodsgevaar gered het, behoed nou God se Heilige Kerk teen die liste van die vyand en alle teenstand; beskut elkeen van ons deur u konstante beskerming, sodat ons, gesteun deur u voorbeeld en bystand, gelowige lewens mag lei en in heiligheid sal sterf en ons ewige geluk in die hemel verkry. Amen.

VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER POUS FRANCISKUS

Onse Vader ...;
Wees gegroet Maria ...;
Eer aan die Vader ...
Sint Josef, Beskermer van die Universele Kerk, bid vir ons.